Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

**30 Augustus 2026**

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:30) : Ds Brahm Robinson

**Voorsang:** Sb.3-5: 1,4,6
**Votum en Groetseën**
**Sing:** Lied 199: 1-3
**Geloofsbelydenis**
**Wet van die Here**
**Sing: Onse Vader**

**Skriflesing: Matteus 7: 13-14**

**Tema:** *Net twee poorte, net twee weë, net twee ewige bestemmings*
**Sing:** Ps. 73:12 (Totius)
**Bediening van die Nagmaal**
**Sing:** Sb. 12-6: 1,2,3 en 5
**Sing aan tafel:** Ps. 40: 1,2,3 en 8 (Cloete)
**Sing:** Ps. 25: 2,5 en 6 (Totius)
**Uitstuurseën**

## English Service: Ds Reynold Fourie *(Service starts at 15:30)*

**Scripture: Mark 1: 16-20; 1 John 2: 1-6**
**Theme: Personal Discipleship: The Jesus Walk**

- **Sing:** O Lord my God / How great The art v 1,2,3
- **Sing:** Blessed Assurance v 1,3
- **Sing:** Take my life and let it be.

**Benediction**
**Doxology**

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Votum en Seën**
**Sing:** Ps. 75: 1,4 en 5 (Cloete)
**Gebed**
**Skriflesing:** Joh. 4: 43 - 54
**Tema:** *Geloof reageer op die Woord van God*
**Sing:** Lied 508: 1-2

**Bediening van die Nagmaal**
**Sing:** Ps.23: 2 (Gerdener)
**Sing aan tafel:** Ps. 116: 1,2 (Totius)
**Gebed**
**Sing:** Sb. 14-1: 2,3
**Uitstuurseën**

## Waarvoor kan ons bid?

- Dank die Here vir sy genade dat ons saam as gemeente nagmaal kan vier.
- Bid vir die Klassis-vergadering, dat die Here die vergadering sal seën en dat daar in wysheid besluite geneem sal word.
- Bid vir die kerkraad wat saam die Skrif gaan ondersoek oor die regte verstaan oor sake wat verdeeldheid bring.
- Bid dat die vrede van God oor elke lidmaat se hart en verstand die wag sal hou in Jesus Christus.

**Chri-sante:** **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676
**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Instandhouding van Erediens en Huis Boland
**Sondag 6 September :** Diakonale Kas en Teologiese Hulpfonds

| | **VANDAG:** | **Sondag 6 September:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Pieter Venter | Hettie Henning |
| **Projektor:** | Matt Venter | Andries Venter |
| **Teeskink:** | **Nagmaal en kuier** | GF17; GF18; TY2 en VR1 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Martin Jacobs en Louis van der Walt
**Sondag 6 September**: Machiel Kruger en Henk Lubbe

**DAGBOEK 30 Augustus tot 6 September**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 9:00 |
| Ma 31/08 | KLASSIS BOLAND | Bettiesbaai | Tot Di 01/09 |
| Ma 31/08 | Bybelstudie - aand | GKBO | 19:00 |
| Di 01/09 | Griefshare sessie 3 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Wo 02/09 | Bybelstudie - oggend | GKBO klein saal | 10:00 – 11:00 |
| Do 03/09 | Studente Bybelstudie | GKBO | 19:30 |
| Vry 04/09 | Hoërskool Bybelstudie | GKBO | 18:00 |
| Vry 04/09 | Koningskinders Braai | Kudustraat 6 | 18:00 |

# Van die Kerkraadstafel:

## Sakrament van die Nagmaal

Ons vier DV vandag **tydens beide dienste** die sakrament van die Nagmaal in opdrag van ons Here Jesus Christus.
Dit sal tydens die oggendeediens dit in die banke asook aan tafe geskiedl terwyl dit vanaand slegs aan tafel gevier word. Die ouderlinge sal tydens die bediening van die Nagmaal die wyn en die brood uitdeel. Hou dit gerus by u sodat ons almal saam die Nagmaal kan vier.

Indien u dalk die oggend of aand ’n besoeker is, is u ook welkom om die Nagmaal saam met ons te vier indien

- u onvoorwaardelik Jesus Christus as Verlosser en Koning bely en biddend navolg deur die krag van die Heilige Gees
- u die gereformeerde godsdiens bely en beoefen
- u die vrymoedigheid het om die Nagmaal in u eie gemeente te vier en nie onder kerklike tug staan nie.

Skriftelike aansoeke kan gerig word aan skriba@gkbo.org.za

# Klassis Boland

**Klassis Boland** vergader eerskomende Maandag en Dinsdag te Bettiesbaai. Uiteraard is hier baie ernstige en belangrike sake wat op die tafel gaan dien. Ons vra ernstige en diep voorbidding vir elke afgevaardigde dat die Klassis in liefde en getrou aan die Woord van God sal geskied. Reynold en Oudl Wickus Aucamp is afgevaardig om ons gemeente te verteenwoordig.

# Beswaarskrif Algemene Sinode

Liewe gemeente,
U is daarvan bewus dat die kerkraad u voorheen meegedeel het dat 'n beswaarskrif by die Algemene Sinode ingedien sal word om duidelikheid oor die jongste sinodebesluit te verkry. In die proses van die opstel van die beswaarskrif het dit duidelik geword dat daar **twee sake** is wat afsonderlik hanteer moet word.

Die **eerste saak**, wat in die beswaarskrif aangespreek word, handel oor die motivering en kerkregtelike implikasies van die sinodebesluit. Die kern van die kwelpunte is die dubbelsinnigheid rondom die 2009- en 2026-besluite. In 2009 het die Sinode erken dat beide standpunte oor vroue in die amp Skrifgefundeerd is, dat die verskil op die vlak van eksegetiese sintese lê en nie op sigself 'n belydenissaak is wat die kerke behoort te verdeel nie. Tog word die saak in 2026 as wesenlik verklaar en word gemeentes wat daarvan verskil, as "ongehoorsaam aan Christus" bestempel. Daar word nie voldoende verduidelik hoe hierdie verandering Skriftuurlik en kerkregtelik verantwoord word nie, of waarom VIDA nou as 'n eenheidswaarheid beskou word nie. Die kerkraad vra daarom dat die Algemene Sinode hierdie ontwikkeling duidelik motiveer. Die bepalings oor selflosmaking en konstatering wek ook ernstige kerkregtelike kommer. 'n Administratiewe konstatering behoort ook nie 'n kerk se reg op behoorlike beoordeling en appèl te vervang nie.

Die **tweede saak**, wat nie deur die beswaarskrif hanteer word nie, is die belangriker vraag na wat die wil van die Here volgens die Skrif is ten opsigte van vroue in die amp van ouderling en predikant. Die kerkraad wil hierdie saak daarom op 'n afsonderlike en deeglike wyse ondersoek:

- Op **Saterdag 12 September** sal prof. Henk Stoker die kerkraad toespreek oor die Skrifbeskouing en benadering tot die vraagstuk van vroue in die amp. Hierdie toerusting is ook oop vir die hele gemeente.

- Die kerkraad sal vervolgens **gesamentlik Bybelstudie** doen oor al die relevante Skrifgedeeltes, sodat ons die saak deeglik en getrou aan die Woord kan ondersoek. Daar is deur lidmate en kerkraadslede Skrifbegronde besware oor die saak van die vrou in die amp geopper. Hierdie besware, sowel as die Skrifgronde waarop dit berus, sal daarom binne die Bybelstudies deeglik saam met alle ander relevante Skrifgedeeltes hanteer word.

Verder sal die kerkraad op **13 en 20 September** herderlike gesprekke met die gemeente voer oor hoe ons saam, in liefde en met wedersydse respek, die pad vorentoe moet stap. Ons gebed is dat die Here ons deur sy Woord sal lei, ons in die waarheid sal bewaar en ons verder in liefde aan mekaar sal verbind.

# Skriftuurlike toeligting oor VIDA



**Prof Henk Stoker**, jare lank verbonde aan die NWU se Fakulteit Teologie en nou deeltydse professor aan die Mukhanyo Teologiese Kollege kom Saterdag 12 September die gemeente en belangstellendes toelig oor die Skriftuurlikheid rondom die VIDA vraagstuk. Ons nooi elkeen van u, met vriende en familie, om hierdie toeligting te kom bywoon.

**Saterdag 12 September | 10:00 | GKBO**

# Die regte hantering van ongelukkigheid in die kerk

### Hoe behoort ons kwessies en besware kerkregtelik te hanteer?

Die Gereformeerde Kerkorde gee 'n ordelike weg waarlangs lidmate kwessies, klagtes en besware in die gemeente behoort te hanteer. 'n Lidmaat wat 'n ernstige bekommernis of beswaar het, moet dit eers binne die gemeente aanspreek – byvoorbeeld deur dit met sy of haar ouderling te bespreek, sodat dit, indien nodig, aan die kerkraad voorgelê kan word.

Indien 'n lidmaat egter van mening is dat die kerkraad sy of haar saak nie behoorlik hoor of hanteer nie, is daar ook ander weë. Die konsulent van GKBO (predikant van GK Paarl) kan gekontak word, of kerklike visitatore (predikante wat deur die klassis aangewys word om een keer in drie jaar die gemeente besoek) kan genader word om te help om die saak op 'n ordelike en kerklike wyse te ondersoek. Die Kerkorde bepaal dat visitatore juis aangewys word om die kerke te besoek, toe te sien dat die ampsdraers hulle roeping getrou vervul en te help met sake wat die vrede, opbou en belange van die kerk bevorder.

Indien die saak nie daar opgelos word nie, is daar 'n ordelike weg na die klassis, streeksinode en uiteindelik die algemene sinode. Kerkorde Artikel 30 bepaal dat kerklike sake op 'n kerklike wyse behandel moet word en dat meerdere vergaderings slegs sake moet behandel wat nie in 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, of wat by die meerdere vergadering tuishoort. Volgens Artikel 31 mag iemand wat meen dat hy deur 'n mindere vergadering verontreg is, hom op 'n meerdere vergadering beroep. 'n Besluit wat met meerderheidstem geneem is, is bindend, tensy aangetoon kan word dat dit met die Woord van God of die Kerkorde in stryd is.

Dit beteken dus dat ons nie ons besware eerste op sosiale media of in die openbaar voor die wêreld behoort te versprei nie. Dit doen nie reg aan die kerklike orde nie en kan maklik onnodige verdeeldheid veroorsaak. Die gereformeerde weg is om die saak eerlik, broederlik en ordelik binne die kerkverband aan te spreek. Hierdie weg beskerm nie net die eenheid en vrede van die kerk nie, maar gee ook aan almal die geleentheid om gehoor te word en die saak op grond van die Skrif en die Kerkorde te beoordeel. Ons behoort daarom nie te probeer om ons besware deur openbare kritiek op te los nie, maar dit binne die kerk, in liefde, eerlikheid en volgens die gereformeerde kerklike orde te hanteer.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Guillaume Uys** is in Kuilsrivier Netcare opgeneem na 'n hartaanval. Ons bid hom 'n spoedige en algehele herstel toe.
- **Marietjie van Biljon** se pa is Dinsdag op Loxton oorlede. Marietjie en haar pa het 'n baie hegte band gehad en ons bid vir haar, Peet en hul kinders en uitgebreide familie die troos en nabyheid van die Here toe.
- **Die troosdiens van Joan le Roux** vind komende Donderdagmiddag (3 September) om 14:00 in ons kerkgebou plaas. Mag die Here al haar familie en geliefdes vertroos in hierdie tyd.
- **Gerrit en Marian Nieuwoudt** (bekende en geliefde oud-lidmate) se dogter Sunette (woon in NZ) is pas gediagnoseer met dieselfde kanker as haar oorlede suster Maryke. Ons vra voorbidding vir hierdie familie wat nou erg beproef word en bid hulle die Here se krag en genade toe. Mag ons hulle elke dag opdra aan die Here vir Sy getroue liefde en genade.

## Griefshare

Komende Dinsdag word **sessie 3** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30. Belangstellendes kan vir Reinder kontak op 084 827 2443.

## Baie dankie

- Ons wil net báie dankie sê aan die Kerkraad en gemeente wat die pragtige ruiker van verlede Sondag aan ons geskenk het. Ons waardeer dit opreg. Die meelewendheid van hierdie gemeente is werklik báie kosbaar en spesiaal om te ervaar en sal altyd onthou word.
  Met liefde, Dawie en Marlene Strachan

- Liefste gemeente van Bellville-Oos
  Wat 'n heerlike verrassing om 'n bos blomme van die kerk te ontvang ! Dankie ! Dit is vir my 'n voorreg om as koster te dien en ek is dankbaar om nou hulp van Melanie Vollgraaff te kry, maar julle elkeen se liefde, verdraagsaamheid en hulp oor die tyd is vir my kosbaar - - - BAIE DANKIE! Ek is baie lief vir julle my broers en susters in Christus. Elfriede

## Ons Spens



Daar is tans **elf** gesinne van ons gemeente wat maandeliks kospakkies ontvang.
Al die produkte vir die kospakkies word aangekoop.

Geldelike donasies is baie welkom en inbetalings kan gemaak word in die kerk se bankrekening met verwysing "**Manna**". (GK Bellville-Oos : ABSA rekening nr: 1450 340 029)

Baie dankie vir al die bydraes!!
Vir enige navrae kontak gerus vir Laetitia van Dalen.

# Klerebank:

**Baie dankie** vir al die skenkings van klere en linne wat ons die afgelope paar maande ontvang het. Ons is voorwaar 'n gemeente wat baie skenk!!

Ons kon met 'n hele paar lidmate versoeke help asook skenkings gee aan die volgende organisasies:



- Charitas
- MES Durbanville
- Ons Winkel (Helpende Hand) Durbanville
- Ons Winkel (Helpende Hand) Bellville
- Durbanville Kinderhuis



Skenkings, gemerk as "Klerebank", kan in die voorportaal in die swart gemerkte houer geplaas word.

Baie dankie, dit word waardeer.
Vir navrae of versoeke kontak gerus vir Anel Oosthuysen.

## Vrolike Veterane

### Die Veterane en die Ossewa

**Br. George Thom** het 'n kenner van die ossewa raakgeloop wat vir ons wil kom vertel van die interessanthede van die vervoermiddel uit ons geskiedenis. Koos Maree is 'n kenner van die voertuig wat soveel jare lank die middelpunt van ons land se transportbedyf was.
Hy kom ons DV op Maandag 14 September by die kerk vertel van die ossewa, sy geskiedenis, en hoe hy gebou word. *Weet jy wat 'n lunsriem is?*
**Datum**: 14 September
**Plek:** By die kerk
**Tyd:** 9:30.

## Koekies vir koningskinders




Die jaar is in 'n drafstappie op pad na die einde van die kwartaal wat beteken die Koningskinderskamp lê om die draai. Ons vra weer ons ouma's en oupa's om vir die kinders koekies te bak (of aan te koop) vir 'n ekstra bederfie tydens hulle tee/koffie en verversings.

**Die kamp begin op 23 September**, en ons vra dat die bakkers/baksters hulle bederfies voor of op **Sondag 20 September** in die kombuis sal afgee. Merk asseblief u houers duidelik deur *Koningskinders* daarop te skryf. Indien u graag u houer wil terughê, merk asseblief die houer ook duidelik met u naam en van. Dit sal weer na die kamp in die kombuis gelaat word.



# Kan jy help?

Bid jy graag? Kan jy planne maak? Is jy goed met geld? Werk jy graag met mense? Geniet jy dit dalk om kinders te begelei? Kan jy projekbestuur? Is dit vir jou lekker om fondse in te samel, met ander oor Jesus te gesels, of verhoudings te bou?

---

Daar is tans 'n hele paar ***Charitas*** projekte in Goliath Estate, maar die nood is groot en ons kort die gemeente se hulp om hulle op 'n volhoubare manier aan die gang te hou en – as dit Sy wil is – uit te brei.

### Neem asseblief 'n oomblik om die Charitas behoeftes in gebed na God te bring:

- Charitas span – ons wil graag die span vergroot en benodig spesifiek:
  - Iemand om met die jaarlikse **finansiële oudit** te help
  - 'n Mens of groep wat 'n eenmalige **fondsinsamelingprojek** kan bedryf
  - Nog mense wat wil **saam dink en bid** oor hoe om ons mandaat so goed moontlik uit te leef
- Die tutorprogram – ons benodig hier:
  - Nog mense wat in die middae met tutoring kan help, verkieslik op 'n gereelde basis (1 x 'n week vir 60-90 minute op 'n slag)
  - 'n Toesluitkas om al ons skryfbehoeftes ens veilig te hou aangesien meer as een groep die lokaal waar ons dit hou gebruik
- Vervoerprojek – dit beloop tans sowat R10,000 'n maand en ons benodig bydraes of borge om die bedrag by te bring

### Kontak ons gerus as die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak!

In Sy diens: Die Charitas span



# Laerskool aksie Graad 1 - 7 bied aan: Wat is kerk?



**Datum: 11 September 2026 (Vrydagaand)  Tyd: 18:00**

**Wat dit behels:** Ons gaan 'n paar vinnige speletjies speel om te leer *wat is kerk*? Ons gaan ook leer wat binne ons gemeente aangaan. Die jeug is reeds deel van die kerk van Christus dus moet hulle leer wat dit beteken.
Daar gaan pryse wees vir die kinders om te wen.   Hier is 'n paar vrae wat julle as 'n gesin kan bespreek ter voorbereiding.

- Wat is kerk?
- Hoekom gaan ons kerk toe?
- Wat is 'n Dominee/Diaken/Ouderling?
- Wat is my rol in die kerk?

Ons gaan die vuur aansteek vir die ouers om 'n lekker worsie te kan braai, en so met mekaar te kan kuier.

**Vir enige navrae kontak gerus vir Zea Duffy: 076 301 4911**

## Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Rina Prinsloo en Thea van der Walt.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Sondag** | **30/08** | **ANNETTE** | **MALHERBE** | **GF16** |
| | | MATTHEW | TALJAARD | BR5 |
| **Maandag** | **31/08** | LIAM | BILLIMORE | KR1 |
| | | **LIZEL** | **GROBBELAAR** | **ST3** |
| | | RUDOLPH | HATTINGH | GF07 |
| | | JEANETTE | LOOCK | GF06 |
| | | FRANK | STEENKAMP | BR2 |
| | | SILKE | VAN ZYL | GF06 |
| **Dinsdag** | **01/09** | **IZAK** | **BOSHOFF** | **DN4** |
| | | ANRU | JUCKERS | GF23 |
| | | ADRIAAN | SCHEERES | GF10 |
| | | ANNE | VAN DER MERWE | VR2 |
| | | JAN | VAN MILLIGEN | GF24 |
| Woensdag | 02/09 | MARCO | DE MEYER | TY2 |
| | | ARNO | VISAGIE | BR5 |
| Vrydag | 04/09 | JACQUELINE | JACOBS | EV3 |
| | | MICHELLE | NELL | TY2 |
| | | ANDRIES | VAN DER WALT | KU1 |
| | | JOE | VOOGT | GF08 |
| **Saterdag** | **05/09** | **THEO** | **BEKKER** | **TY3** |
| | | **BOKKIE** | **ELS** | **GF36** |
| | | **CIELIE** | **JANSEN VAN VUUREN** | **DN3** |
| | | HANRÉ | LOURENS | GF12 |
| | | ELMARIE | PRINSLOO | KR1 |
| | | JACQUES | VENTER | TY3 |

**Daar is 'n <u>amazing geleentheid</u>, en slegs beperkte hoeveelheid mense kan genooi word!!! Indien die volgende jou beskryf, kwalifiseer jy om vir 5 dae op 'n groot avontuur te gaan.**

- Jy 'n Christen en will Jesus Christus se reddings genade met ander deel. ☐
- Jy is 'n student/ jong werkende ☐
- Jy is beskikbaar 1-6 Desember 2026 ☐
- Jy hou daarvan om met tieners te werk ☐
- Jy is 'n lekker mens ☐
- Jy will in jou geloof groei ☐
- Jy hou van speel, kamp, stap, see en eet ☐

**Indien jy 7 reg merkies het- geluk!! Jy word genooi om die jaar 'n groepleier te wees by die Boland kamp. Die kamp is in Bettiesbaai. Om in te skryf as 'n groepleier of vir meer inligting oor die avontuur kontak gerus vir Zea Duffy (076 301 4911)**






## GKBO-Inligting




**Eredienstye:** (Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
***English Service: 16:30***

**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

| | | |
|---|---|---|
| **Ds**. Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | fouriereynold@gmail.com | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**

Plante en diere van die Bybel

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | 2 | | | | |
| | 3 | | | | | | | | |  | |
| 4 | | | | | | |  | 5 | | | |
|  | | 6 | | | | | | 7 | | | |
| 8 | | | | | | | | 9 | | | |
| 10 | | | | | |  | 11 | | | | |
| 12 | | | | | | | 13 | | | | |
| | 14 | | | | | | | | |  | |

1.Jesus het van dié plante gepraat wat in die lente blom [Matteus. 6:28]

2. Wyse manne het dié plant as geskenk vir Jesus gebring [Markus 15 :23]

3. Simson gebruik dié diere om die Filistyne se graan aan die brand te steek. [Rigters 15:4]

4. Die Israeliete het dié voëls geëet op hul reis uit Egipte [Eksodus. 16: 3]

5. Gerubs is van hierdie boom se hout gemaak vir die tempel [1 Konings 6: 23]

6. 'n Spons met suur wyn is op dié takkie aan Jesus gegee. [Johannes. 19: 29]

7. Noag stuur 'n voël uit die ark. [Genesis. 8:8]

8. Saggeüs klim in dié boom om Jesus te sien. [Lukas 19:4]

9. Jesus word ook so genoem. [Openbaring 5:5]

10. Job het baie van dié diere besit om in die woestyn te ry. [Job 1:3]

11. Jesus gebruik hierdie diere in Sy prediking oor die Goeie Herder. [Johannes. 10:3]

12. Dié boom beskerm Jona teen die son. [Jona 4:6]

13. Dawid vergelyk sy jeugdige krag wat die Here skenk met dié voël. [Psalm 103: 5]

14. Esau verkoop sy geboortereg aan Jakob met dié kos [Gen.25: 33]

# Finansies, inbetalings en verwysings

Ons moedig ons lidmate aan om hulle maandelikse bydraes en kollektes per debietorder of elektronies af te dra.

Hier is die **Zapperkode vir kollektes:**

(Kerkkasbydraes kan nie met Zapper betaal word nie.)

Vir elektroniese inbetalings in die bankrekening **(GK Bellville Oos: ABSA Tjekrek nr 1450-340-029)** gebruik asseblief die volgende verwysings:

**Kerkkasbydraes:** **Volle voorletters en van + Lidnommer** (Bv TBG Venter (3914))**.** Lidnommers verskyn op die kwartaallikse bydraekwitansies asook heel regs van u naam in die elektronies gemeenteboekie. Hierdie inbetalings sal verdeel word soos op die lidmaat se begrotingsvorm wat ons terugontvang het, andersins sal dit alles na die Kerkkas geallokkeer word.

**Kollektes:** **Kollekte** (kollekte word maandeliks pro-rata verdeel tussen instansies soos weekliks in die Boodskapper verskyn). Hierdie inbetalings verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

**Kosprojekte:** **Manna** (Bydraes in die fonds vir kosprojekte soos aangevra). Dit verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

**Enige ander projekte:** **Naam + (verwysing soos ooreengekom met sameroeper).** Stuur asseblief bewys van betaling aan die sameroeper. Dit verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

**Maak asseblief seker dat u tydens elektroniese inbetalings** die verwysing nagaan. Ons ontvang gereeld inbetalings waar die lidmaat vergeet om die verwysings te verander en 'n vorige inbetaling se verwysing gebruik. Foutiewe verwysings veroorsaak verwarring en bring mee dat u fondse nie korrek geallokkeer word nie.
Baie dankie vir u samewerking hiermee!

## Wat is die verskil tussen "Kerklike bydrae" (maandelikse bydraes) en "kollektes"??

### Kerklike (ook genoem maandelikse of kerkkas) bydraes

Primêr vir onderhoud van eredienste, Woordbediening in die gemeente en fasiliteitsonderhoud. Dit vorm die grootste gedeelte van die gemeente se finansiële verpligtinge. Daar word 'n jaarlikse begroting vir inkomste en aanwending opgestel.

- Maandelikse/ gereelde bydraes word aangewend vir:
  - Versorging van Predikante en Funksionarisse
  - Ramings aan breë kerkverband (GKSA) – bedrag per belydende lidmaat per jaar
  - Admin en eiendomsuitgawes

**Kollektes tydens eredienste**

Barmhartigheidsdiens

- Elke Sondag spesifiek in die blaadjie
- Binne en buite gemeente/ kerkverband onder andere:
  - Diakonie
  - Huis Boland
  - Ander gemeentes
  - Koninkryk -, Manna- en dakfonds

Vir meer inligting verwys asb die gemeente boekie, Boodskapper of vra gerus vir 'n ouderling of FK lid.